In the latter part of October a large number of deacons and Christians with the assistance of a few of the teachers, went out for two weeks preaching in the villages around their schools. Most of those who went out were having their first experience in preaching this message. They gathered a harvest of 174 souls during those two weeks; these were added permanently to the Bible classes. This was, however, only one of the benefits achieved during these efforts. Those who engaged in the work, are enjoying a much richer Christian experience than formerly, and the people at our schools have been greatly encouraged by the Word preached to them in their villages in all the places where this work has been done, there has been a remarkable increase in the attendance at the Sabbath services; in some cases, the attendances being double that which they were previously.

Thus we see our people rejoicing in a new zeal for the truth, and a general awakening of interest as a result of this work. "The Lord hath done great things for us whereof we are glad."

\* \* \*

## Verantwoordelikheid van die Individu

F. E. POTTER

IN die jaar 1929 het die Burgemeester van Leicester, Engeland, in 'n openbare toespraak die aandag van die Engelse volk gevlestig op die feit dat die vernaamste oorsaak waarom die ouere beskawings ingestort het, toe te skrywe was aan die vernietiging van die individu. „Engeland moet homself begin nasien," het hy gesê, „Hy moet besliste pogings aanwend om 'n dieper verantwoordelikhedsbesef by elke individu, en by elke moontlike burger, aan te kweek."

Net twee jaar later het die redakteur van die *Times*, in 'n hoofartikel oor die nuwe jaar, op dieselfde behoefte nadruk geplaas. „Miskien is daar geen ander eienskap wat so nodig is as 'n herbese van individuele verantwoordelikheid."

En nou het Generaal Jan Smuts, in sy rektorale toespraak te Glasgow laas September, waar hy 'n oorsig gege het van die toestande wat die wêreldvrede so ernstig bedreig, beweer dat die lot van die stryd wat in die twintigste eeu woed, in die hande van die gewone burger is. Hy het op besliste wyse op die gevaar gewys van die verval van individuele verantwoordelikheid.

U mag vra wat dit alles met godsdienste doen het. Eenvoudig dit; dat dieselfde gevaar die werk van God op aarde bedreig. Luister na die raad wat die Gees van professie aangaande hierdie onderwerp aan die oorblýsel kerk gee. „Daar bestaan orals die neiging om die werk van organisasies in die plek van persoonlike arbeid te stel. Die wysheid van die mens hel oor na kon-solidasie, sentralisasie, na groot kerkegeboue en inrigtings. Vele laat die werk van liefdadigheid aan inrigtings en organisasies oor; hulle verskoon hulself van aanraking met die wêrelde, en hulle harte word koud. Christus gee aan Sy navolgers 'n individuele werk,—'n werk wat ons nie van andere kan laat doen nie. Dienste aan die siekes en armes, die verkondiging van die evangelie aan verloregaandes, kan nie oorgelaat word aan komitees en liefdadigheidsverenigings nie. Individuale verantwoordelikheid, individuale poging, persoonlike offering, is die eise van die evangelie."—„Ministry of Healing," bls. 147.

Waar ons die nuwe jaar 1935 tegemoet gaan, laat hierdie vraag aan elke lojale Sewende-dag Adventis gerig word: „As 'n moontlike burger in die koninkryk van Christus, besef ek my individuele verantwoordelikheid om Sy saak op die aarde te bevorder?"

Sir Henry Deterding, 'n vooraanstaande handelaar, het onlangs in 'n toespraak gesê, „My eie ondervinding het my geleer dat

slegs omtrent vyf persent van die mense persoonlike verantwoordelikheid wil aanvaar." Ja, geagte gelowige dit is die gees in die wêreld vandag. Die mense wil graag die voorregte van burgerskap geniet, sonder om enige persoonlike verantwoordelikhede te aanvaar. Hierdie selfde gees, sê die diensmaag van die Here, word maar te dikwels in die kerk aangetref. „Elke lid moet help om die kerk aan die gang te hou en te versterk; maar in baie gevalle is daar maar een of twee met die gees van 'n Kaleb vanouds, en hulle word toegelaat om die laste te dra en die verantwoordelikhede te aanvaar terwyl die res alle verantwoordelikheid ontduike."—„*Testimonies*, Deel V, bls. 303.

Dit is hierdie betreurenswaardige gees in die oorblyfsel kerk van God, wat tot 'n groot mate die komste van die Here vertraag. Dink u nie, liewe leser, dat dit vir elke Sewende-dag Adventis hoog tyd is om hierdie treurige toestand van sake te verhelp nie? In die werk van God op aarde moet geen navolger van Christus sy verantwoordelikhede ontduike nie.

Laat ons weer luister na die Gees van profesie. „Aan die einde van die stryd tussen die magte van goed en kwaad, verwag Hy dat almal, leke sowel as predikante, deel sal hé. Almal wat aangesluit het as Sy soldate moet getrouw diens verrig enige oomblik, met 'n diepe besef van hul individuele verantwoordelikheid."—„*Testimonies*, Deel IX, bls. 116.

In die aanhaling uit die toespraak van Generaal Smuts sal u opmerk dat hy sê dat die lot van die stryd om beter toestande in die wêreld, in die hande van die gewone burgers is. In die kerk van God is dit nie die predikante en ander werkers wat die strydkragte van die kerk uitmaak nie; die *leke* is die vegskragte, en aleer hulle hart en siel aan die geveg deelneem sal die werk van God nooit afgedaan word nie.

Wat sal 'n volk van sy soldate dink as hulle, in die aangesig van die vyand, weier om hulle deel in die oorlog te doen? Dit is 'n vraag wat 'n kind byna kan antwoord. Hoe word daar dan nie in die hemel gevoel teenoor die houding van diégene wat aanhou om hulle pligte in die stryd teen die magte van duisternis te ontduike nie? „Die hemel is verontwaardig oor die gemak van manne en vroue in Sion, terwyl siele in hul onkunde en sonde verlore gaan. As die lede van die kerk hulleself kon sien soos God hulle sien, dan sal hulle oorstelp wees van selfverwyt. Hulle sal hulle nalatigheid in misdade nie in die aangesig kan sien nie."—E. G. White, *Basel, Switzerland, 1886*.

Hiermee dan word 'n beroep gedoen op elke kerklied in die Suidelike Afrikaanse Divisie om gedurende 1935, sendingwerk te doen. Waar die nuwe sendingkomitees van die kerk planne beraam om die evangelie te verkondig in die terrein wat aan hulle gegee is, laat die kerklede hulle soos een man bystaan en persoonlik uitroep: „Hier is ek, stuur my."

„Alles in die heelal maak 'n beroep op diegenie wat die waarheid ken, om hulle onvoorwaardelik toe te wy aan die verkondiging van die waarheid soos in die boodskap van die derde engel vervat is. Wat ons sien en hoor roep ons tot ons pligte. Die bedrywigheude van die Sataniëse magte roep elke Christen om in sy plek te staan."—„*Testimonies*, Deel IX, bls. 25, 26.

Mag die Here aan elkeen van ons genade skenk om gewillig te wees om dit gedurende die aanstaande nuwe jaar te doen.

like werk te doen namate die standaard hoer styg.

Daar was ook gevra hoeveel krediet aan iemand sal toegeken word ingeval hy na afloop van 'n Drie Jaar Kursus na een van ons Senior Kolleges oorsee sou gaan om sy graad te neem. Ons het dié vraag voor ons Opvoedingsdepartement gelé en dit geneig op die oomblik hulle ernstige aandag. Tot nog toe was daar altyd volle krediet gegee vir ons Twee Jaar Kursusse, en ons hoop dat die Drie Jaar Kursus ook grotendeels erkenning sal erlang.

Die Drie Jaar Kursus is maar slegs die normale gevolg van die opvoedingsbeleid wat vandag deur ons genootskap gevolg word. Ons besef dat dit ekstra finansiële laste sal besorg aan party, maar as ons dit vergelyk met die lang universiteitskursusse van ons dae dan is drie jaar na standerd tien nie te veel gevverg nie.

## Helderberg Kollege

### Waarom 'n Drie Jaar Kollegekursus op Helderberg?

SOMMIGE het navraag gedoen omtrent die driejarige kursus vir kollege studente. Daar bestaan grondige redes waarom die Raad besluit het om 'n Drie Jaar Kursus in te voer.

In die verlede was sommige wat die Teologiese Kursus geneem het, versoek om onderwys te gee, en omgekeerd. Daar dit onmoontlik is vir 'n persoon om te weet, as hy met sy kursus begin, wat van hom sal verwag word na hy gegradeer het, en ook omdat daar van die meerderheid van ons gegradeerde verlang word dat hulle beide sal preek en onderwys gee, was dit gevoel dat 'n driejarige kursus, waarin die hooftrekke van beide die Normaal en Teologiese kursusse saamgevat word van almal gevverg moet word. Die werk van die predikant is feitlik net om te onderrig, en ons evangeliëste het al baie keer beweer dat die kuns om onderrig te gee van meer waarde is vir blywende resultate in die werk van siele win as die kuns om te preek. Op die anderkant moet ons onderwysers baie preekwerk doen. Sommige van hulle hou pogings benewens hulle skoolwerk, en 'n opleiding in albei die vakke is dus onontbeerlik vir die gegradeerde wat in die sendingwerk opgeneem word. Deur sekere beroepsonderwerpe by die driejarige kursus in te sluit, word die student ook opgeleid in die meer praktiese sy van ons werk. Daar die Drie Jaar Kursus verrig is met baie onderwerpe om van te kies, het die student 'n wye keuse.

'n Tweede faktor by die invoering van 'n driejarige kursus is dat die student 'n wyer ondervinding sal opdoen. Sommige het hul kursus op 'n betreklik jeugdige ouderdom voltooi, en moes groot verantwoordelikhede aanvaar, ver van iemand wat hulle van raad kon dien. Die onryke jare en die gebrek aan ondervinding het in sommige gevalle openlik mislukking uitgelok.

Die peil van opvoeding in ons naturelle opleidingskole word trapsgewys hoer gestel om tred te hou met die hoer opvoedingsstandaard van die wêreld. Ons gegradeerde moet dus bevoeg wees om aanneem-

## S. A. Unie-Konf.

N. C. Wilson ..... President  
J. E. Symons ..... Sekr.-Tres.  
Bus 468, Bloemfontein, O. V. S.

### Praatjie van die Mediese Sekretaris

MOENIE nalaat om u kinders te leer kook nie. Deur dit te doen leer u hulle beginsels wat hulle moet hé in hulle Christelike opvoeding. Deur u kinders lesse te gee in fisiologie en hulle te leer kook op eenvoudige dog verstandige wyse, lê u die fondament van een van die nuttigste takke van die opvoedkunde. Daar is verstand nodig om goeie ligte brood te maak. Daar is godsdiens in die kook van goeie kos, en ek betwyfel die godsdiens van daardie klas wat te onkundig en te sorgloos is om te leer kook."—„*Testimonies*, Deel II, bls. 537.

Skep moed, huisvrouens! „Daar is godsdiens in goeie kos." Wanneer u die gewone werk in die kombuis verrig, en dit vir u skyn asof u nie van veel belang in die werk van die kerk is nie, onthou dan die aanhaling hierbo. Die Gees van profesie het veel te sê aangaande die belangrikheid van die kook van goeie kos in ons godsdiestige lewens. Let op hierdie aanhaling: „Dit is die heilige plig van diégene wat kook, om te leer hoe om gesonde voedsel op verskillende maniere voor te berei, sodat dit beide smaaklik en gesond kan wees. . . . Meer siele as wat ons besef, gaan verlore omdat hulle voedsel moet eet wat sleg voorberei is."—„*Counsels on Health*, bls. 116, 117.

Moeders, dogters, besef julle dat julle werk in die kombuis van soveel belang is dat God dit 'n heilige plig noem? Het u ooit daaraan gedink dat siele mag verlore gaan weens sorgloosheid in hierdie oopsig? Watter plegtige verantwoordelikheid rus

dan nie op u nie! As ek u maar net daar-toe kan bring om u hoë roeping in die kombuis te besef, in hierdie praatjie, dan het ek my doel bereik. Ek wil hê dat u die belangrikheid van u werk moet besef in die redding van die siele van u gesin. En ek wil u ook op die hart druk dat nalatigheid in u werk mag veroorsaak dat u dierbares verlore gaan. U werk is getroue en sorgvuldige voorbereiding word. Want dit kom nie daarop aan hoe getrouw u leraar in sy werk is nie, as u u huismense na sy diens stuur met sware onverteerbare voedsel in hulle, dan sal hulle sit en slaap onder die belangrikste en roerendste preke. En as u gesin aan slechte spysvertering ly as gevolg van u slechte kos, of u nalatigheid om u kennis toe te pas, sal hulle nie hulle humeur kan bedwing nie, en sal gedurig ongeduldig wees — iets wat nie ooreenstem met die Christelike lewe nie. En as u kruie in u kos gooi, b.v., peper, mosterd, asyn en skerp souse, dan affekteer dit die weefsels en daar sal uitbarstings van die humeur wees vir die geringste oorsaak.

Selfbeheersing en 'n tevreden gemoed word alleen in die huise aangetref waar die kok daeliks verstandig en getrouw haar pligte nakom. Weet u hoe om te kook? Ek voel nie dat ons 'n kooklas in hierdie kolomme aan die gang kan sit nie, maar ek sal trag om in die volgende uitgawe 'n paar eenvoudige en praktiese wenke te gee aangaande die voorbereiding van 'n gesonde ete.

## S. A. Konferensie

L. L. Moffitt ..... President  
P. W. Willmore ..... Sekr.-Tes.

Bus 256, Bloemfontein, O. V. S.

## Bekledingsdiens op Bethlehem

W. D. EVA

VIR elke maande al het die stewers op Bethlehem voorberei, en uitgesien na die gelukkige dag dat hulle as „Vriende“ sou beklee word. Dit was egter nie sonder vrees en angs dat hulle die eksamen deur Leraar Staples afgewag het nie. Sommige het vir onverstaanbare redes die idee gehad dat hy 'n strenge en veleisende eksaminator sou wees. Maar soos dit egter, gewoonlik die geval is, was die verwagting erger as die werklikheid, en almal was bly om te verneem dat hulle die volgende aand deel kon hê aan die Bekledingsdiens.

Die diens was baie indrukwekkend. Toe die sekretaris gepraat het oor die diuisternis wat op die aarde geheers het voor die eerste kom van Christus, was die ligte in die saal afgeslaan en die saal was in geheeltelike diuisternis. Vervolgens het die spreker die aandag gevinst op die geboorte van Jesus die Lig van die wêreld, en op

hierdie oomblik was daar 'n kroot kers aangestek, omring van 'n aantal kleiner kersies.

Op sy beurt het elke strewer een van die kleiner liggies by die groot lig aangestek, en deur hierdie simbool was die diepere betekenis van die term „Vriend“—'n vriend van Jesus, voorgestel.

Dit was 'n informele program en het daartoe bygedra om alle senuweeagtigheid uit die weg te ruim.

Die diens het daarin geslaag om duidelik die betekenis van die ordetekens wat hulle ontvang het, aan die jong verstandjies te bring.

Hierdie sterk klompie „Vriende“—meer as twintig, sal ongetwyfeld 'n groot krag wees in die strewerswerk op Bethlehem.

Die kerk het ook ryke geestelike seën ontvang as gevolg van die besoek van Leraar Staples. Nagmaal was op Sabbat, 24 November gevier, en almal was verseker van die seën van die Here op Sy volk.



## Met Ons Kolporteurs

F. H. FICKER

OP 'n onlangse besoek in Pretoria het ek ons vyf toegewye kolporteurs baie gelukkig aangetref in hulle werk. Broeder Van der Berg werk in die distrik op sy feits met die „Huisdokter.“ Hy het onlangs in die huwelik getree en het sy vrou ook geleer om te kolporteer. Selfs voor haar troue het sy in Pretoria gewerk met „God se Antwoorde.“ Die predikant het die mense gewaarsku en het gesê dat selfs die mense wat langs hom woon van die ketterse boeke gekoop het.

Daar Susters Van Rooyen en Beneke verwag dat daar in die verre toekoms 'n poging in een van die voorstede van Pretoria sal gehou word, bewerk hulle daar-die deel met die *Signs* en die *Tekens*. Hulle het ten minste al honderd intekenaars gewerf en het honderde blaaie versprei. Die grond sal goed voorberei word sodat die evangelis wat kom 'n ryke oes mag hê. Suster Van Rooyen sê dat sy so graag vir die Here wil werk dat sy skaars haar huiswerk kan doen. Ons kan altyd 'n plan maak as ons vir die Here wil werk. Suster De Meyer het honderde van ons Krisis boekies in Johannesburg en Pretoria verkoopt.

Broeder Retief het die distrikte van Kroonstad en Vereeniging getrouw bewerk en is nou op Vereeniging gevestig. Hy vertel my dat hy eendag by 'n ryk boer gekom het wat so belanggestel het dat hy hom in sy motor gelaai het en na 'n ander plaas geneem het en die mense daar aangeraai het om ook bestellings te plaas vir „God se Antwoorde.“

Agtien studente het hierdie jaar by ons geledere aangesluit. Die meerderheid is in Kaapland werkzaam en hulle is almal vas beslote om 'n beurs te verwerf. Broeder Freddie Pautz sukkel moedig voort op Graaff-Reinet. Een ou man, agt-en-negen-

tig jaar oud het 'n godsdienstige boek gekoop om hom te help om nader aan sy God te leef.

Miennie Rousseau, 'n meisie student, doen haar beste op Oudtshoorn ten spyte van die reën en hitte. Suster Nuns hou 'n moederlike oog oor haar en trag om haar aan te moedig in haar sware taak. Met die hulp van die veldsekretaris, het sy in minder as twee weke bestellings ter waarde van oor die £70 geneem. Mevr. C. J. Langenhoven die weduwe van een van die beroemdste Afrikaanse skrywers het 'n bestelling geplaas vir die „Huisdokter“ en £1 daarop gedeponeer.

Drie ander studente, David Douglas, Walter Stevenson, en Kate Bomberger, is in Port Elizabeth werkzaam. Alhoewel laasgenoemde nog nooit tevore uit was nie, het sy nogtans, met die hulp van die Here, in een week bestellings ter waarde van £39 geneem. Sy skrywe: „Ek geniet my kolporteurwerk baie. Nie alleen seen die Here my met bestellings nie, maar ook is ek op geestelike gebied baie versterk. Bid asseblief vir my.“ Mag al ons lede hierdie studente in hul gebede gedenk.

## Kaapse Veld

L. S. Billes ..... Superintendent

## Belangstelling op Calvinia

L. S. BILLES

DAAR soveel navrae ingekom het aangaande die belangstelling wat op Calvinia opgewek is, gee ek nou 'n verslag van my onlangse besoek aldaar, hoewel ek voel dat dit nog te vroeg is om definitiewe resultate te voorspel aangesien daar nog soveel te doen is.

Onlangs het Broeder Mantell en ek na Calvinia afgereis om ondersoek in te stel in verband met die belangstelling onder die bruinmense daar. Ons reis deur die koring en lemoen distrikte het voorspoedig gegaan, maar toe ons eers die kaal berge van die Bokkeveld bereik het, het die reis maar stadig en moeilik gegaan met ons klein motortjie.

Sabbatmore vroeg is ons na die lokasie bekend as Newtown, en het in een van die huise 'n groep mense aangetref, besig om diens te hou. Hulle was verskriklik bly dat daar eindelik iemand opgedaag het om hulle te help, en hulle belangstelling was so groot dat ons die hele more, middag, en aand besig gehou was om dinge aan hierdie mense op die randjie van die woestyn, duidelik te maak — sommige van hulle is Namakwalanders.

Die leiers van die groep, egter, is intelligente manne met 'n merkwaardige begrip van die boodskap.

Die skyn dat hierdie groep jare gelede op gruwelike wyse mislei was deur 'n man wat homself voorgedaan het as iemand

wat die ware evangelie had. Een van die groep, egter, wat stadigaan op die voorgrond getree het as die ware leier, het na 'n ernstige ondersoek van sy Bybel, tot die oortuiging gekom dat hulle in sonde gelewe het. Die weg waarvan hy nou oortuig was dat dit die regte was, was swaar en moeilik. Dit het opoffering beteken. Dit het die versaking van die ou weë en die begin van 'n heeltemal nuwe lewe beteken. Dog sy oortuiging was so sterk dat hy geen vrede kon vind nie. Eindelik, met sy Bybel alleen, is hy na die berge en daar het hy twaalf dae en twaalf nagte met God in vaste en gebed geworrel. Uiteindelik het oorwinning en vrede gekom. Mens word getref deur die groot geestelike krag van hierdie man.

Stap vir stap het die Here hierdie man tot 'n kennis van die Sabbat en die doop gelei, en nog baie van die ander waarhede. Omdat daar geen predikant was nie het die vraag ontstaan wie die mense sou doop; hy het gevoel dat hy dit self moes doen. Die overheid aldaar wou niemand in diens neem wat gedoop was of die Sabbat hou nie, en het hom ook belet om in die rivier te doop. Hy het toe 'n doopvont langs sy huis gemaak, en toe dit klaar was, het hy daar neergekniel en die Here gebid om dit te vul. Dit reën maar baie selde in daardie streke, maar nog daardie selfde middag het dit gestort soos dit gereën het en die doopvont het oorgeloop.

Met tye wanneer hy gepreek het, was die teenstand so heftig dat die vuiste wat hy in die gehoor gesien het, om sy eie woorde te gebruik, „soos volstruiskoppe gelyk het.”

En so het daar stadigaan 'n taamlike groep ontstaan. Toe die bittere teenstand gekom het, het almal nie getrou gebly aan die Sabbat nie, en daar het ook nog van die dwaalleer oorgebly wat uitgeroei moet word. Daar is seker nie nog 'n ernstiger groep mense wat na Gods weg soek nie.

Ons het gevra hoedat hulle 'n bestaan maak. Die leier het geantwoord dat hulle eenvoudig deur geloof wandel en op die Here om voedsel en klere sien. Ek het verneem dat hulle soms vir drie dae sonder voedsel gegaan het, maar dat die Here hulle nooit vergeet het nie. „Gisteraand nog,” het hy gesê, „het die kinders by my kom huil oor kos. Daar was niks. Ek het hulle op my knieé geneem en gebid dat die Here hulle moes help om gou te slaap sodat hulle die honger kon vergeet.” En toe het hy met 'n glimlag laat volg, „Vannore het die Here vir ons 'n brood gestuur.”

Keer op keer, toe ons die boodskap verduidelik, het hierdie man uitgeroep, „Vader, ek verstaan, ek glo, ek volg!” Toe ons ons houding op die tabak kwessie duidelik gemaak het, het hy gesê, „Ek sal nie weer rook nie.” „Maar,” het ek gesê, „dis swaar om tabak op te gee.” Onmiddellik het hy geantwoord, „Die krag van God is sterker as enige versoeking.” Hier is 'n man wat in sy kragtige, ernstige getrouw-

heid aan die waarheid 'n ondervinding beleef soos dié van die ou patriarche van die Bybel!

Op die randjie van die woestyn rig God 'n volk op vir Sy naam, maar, o, vriende, ons het nie 'n Afrikaanse werker om daarheen te stuur om hulle te help nie. Ons het gedag dat ons aan die einde van die jaar genoeg geld sou hê om 'n ervare werker te beroep, maar as die Here nie die middle gee nie sal ons dit nie kan doen nie. Bid dat die Here vir ons op die een of ander manier die weg sal open.



## Inwyding van die Elim Kerk

L. S. BILLES

DIE inwyding van die Elim kerk op George was 'n gebeurtenis waarna die lede met groot verlange uitgesien het. Eindelik was hulle kerkie klaar. Dit lyk baie antreklik en netjies.

Om drieur die namiddag van 28 Oktober was die geboutjie propvol en die gehoor het aandagtig geluister na die inwydingspreek. Leraar May het die seën van die Here op die gebou en die mense afgesmeek. Die mense het die diens en die singery baie geniet.

Die aand weer was die kerk gevul met lede en hul vriende sodat daar nie eens staanplek was nie. Ek het 'n lesing, toegelig met ligbeeld, oor die lewe van Christus gegee.

Die lede van die Elim kerk is baie verskuldig aan Mej. Bayman van George, wat die grond gegee het en ook die geld om die woonhuisie langs die kerk op te rig. Die hulp van Broeder Smith wat die kontrak aangegaan het en 'n deel van die geld vir die banke en houtwerk verskaf het, word ook baie waardeer.

Ons lesers sal bly wees om te verneem dat die hele gebou, met banke en elektriese ligte inbegrepe, na die kaart en transport betaal was maar slegs £174 gekos het. Hierop is daar nog £40 skuldig, dog die lede meen om dit gou af te betaal. Die werk was regtig baie goed uitgevoer en die lede is groots op hulle kerkie. Hulle is gelukkig, vol moed, en trag met erns om 'n gekruisigte en spoedigkomende Heiland te verkondig.

<b>S. A. Sendingveld</b>	
J. R. Campbell	Superintendent
A. A. Pitt	Sekr. Tes.
54 National Mutual Geboue, 43 Rissikstraat, Johannesburg	

## 'n Sendingreis

J. R. CAMPBELL

Na ons meer as drie maande deurgebring het in die Kaapland se afdeling van die sendingveld, het ons aan die einde van Oktober na Johannesburg teruggekeer. Orals het ons die kerke entoesiasties, en die wer-

kers goedsmoeds aangetref. Op geen plek was daar groot aantal gedoop nie, maar diegene wat wel gedoop was, skyn 'n baie goeie klas van mense te wees. Op Umtata waar Leraar Magalela in bevel is, was agt gedoop. Op Lusikisiki, in Leraar N'twana se distrik, was nege gedoop, sewe waarvan mans is—dit is die teenoorgestelde van wat gewoonlik die geval is.

Die eerste naweek in Oktober het ek op „Tarsus” naby Cathcart, deurgebring. Die werk daar is baie bemoedigend. Die broers Tarr doen uitstekende werk onder hulle eie volk en onder diegene op aangrensende plase. Toe ons daar was, was hulle besig om 'n skooltjie en 'n kerkgebou op te rig vir die naturelle. Die naturelle werker daar, Silas Cekesha, was eers in diens van Broeder Laurie Tarr as plaaswerker, maar nou bestee hy al sy tyd aan onderwys en evangeliewerk. Helfte van die onkoste word deur die sending gedeck en die ander helfte word plaaslik byeengebring. Ons waardeer gewis die sendinggees op „Tarsus.”

Silas het 'n mooi skool en doen goeie werk. Op Sabbat, 6 Oktober was daar sewe dierbare siele gedoop. Nog andere maak klaar vir doop.

Op „Sheeprun” die plaas van Broeder en Suster Frank Macdonald, word ook goeie werk gedaan. Suster Macdonald hou die Sabbatskoolklas elke Sabbat vir die naturelle. Die aand wat ons daar vertoeft het, het veertig mense opgekom na die diens. Mev. Macdonald het die preek op bekwame wyse in die Xosa taal vertolk. Daar bestaan alle vooruitsigte dat die werk wat op „Tarsus” gedoen word op „Sheeprun” sal herhaal word.

Op „The Willows,” die plaas van Broeder en Suster Hepburn in die distrik van Herschel, het ons 'n naweeks kampdiens gehou, die openingsdiens het op Vrydag-aand, 12 Oktober begin. Broeder Mayba is hier werkzaam—ek behoort te sê die offisiële werker, want almal op „The Willows” doen agressiewe sendingwerk. Broeder en Suster Hepburn bestee veel tyd aan die bevordering van Gods saak op hierdie plek. Broeder Frank Buckland, die klerk in Broeder Hepburn se winkel, is 'n baie ywerige werker. Daar is 'n klein kerkie, grotendeels op koste van Broeder Hepburn, opgerig. Ons het die gebou Sondag, 14 Oktober ingewy, in teenwoordigheid van 'n groot skaar besoekers. 'n Kerk met veertien lede was georganiseer, ses waarvan die vorige dag gedoop was. Daar was altesame sewe gedoop,—een was van Musong.

besig as hulle maar kan wees met preekery,

Op Cancele Sending is die broeders so boerdery, en mediese sendingwerk. Toe ons daar was, was Broeder De Beer besig met 'n poging op Qumbu, en daarvandaan is hy na Cweraland om dienste te hou. Nege is op laasgenoemde plek gedoop,—die vrugte van 'n vorige poging. Dr. Bell het 'n eendagse kliniek op Qumbu gehou, en was van die more tot die aand druk besig gehou en het 'n groot aantal pasiënte behandeld.

Op Kolo het ons Leraar en Suster Hurlow baie besig aangetref in die behandeling van siekes. Daar was baie siekte in Basoetoeland die afgelope jaar, veral tifuskoers. Die geestelike belang op Kolo gaan vooruit en die vooruitsigte vir die toekoms is goed.

Ons het 'n hele paar dae by Leraar en Mev. Sharman op Emmanuel Sending vertoef, en die tyd baie geniet. Die kersie oes was baie klein hierdie jaar omdat daar laat ryp gekom het. Hierdeur sal die sending geldelik skade ly.

Daar is 'n doopklas van tussen vyf-en-twintig en dertig, en ongetwyfeld sal baie van die lede vroeg aanstaande jaar gereed wees vir doop.

Plaasruimte ontbreek om nog van verdere interessante besoeke te vertel. Ons is die Here dankbaar vir Sy voortdurende seëninge in die sendingveld.

## S. U. Sending

E. C. Boger ..... Superintendent  
D. A. Webster ..... Sekr.-Tes.  
Bus 573, Boelawajo, S. Rhodesië

### Dienste vir die Vrouens op Inyazura

MILTON ROBISON

TERWYLL ek op Inyazura was, het ek kennis gemaak met 'n baie interessante, en ek glo, baie belangrike werk. Aan my was vertel dat 'n aantal van die ouere inboorling susters, vroue vergaderings hou op Honeso, sowat vyftien myl van die sendingstasie. Broeder Palmer het aangebied om my na een van die vergaderings te neem. By ons aankoms het ons omtrent honderd meide en jongmeide aangetref naby 'n mooi kopie. Hulle was al vir vier dae daar en het verskeie maal daeliks in die inboorling kerk in die nabheid saamgekom. Hierdie vergaderings was uitsluitlik deur die vrouens self waargeneem, en toe ons daar kom het hulle aan ons 'n verslag van die vergaderings voorgelees, waarin was gemeld watter liedere gesing was, wie voorgegaan het in die gebed, en wie gepreek het. Hulle het ook die tekste wat gebruik was aangeteken, en dit was baie duidelik dat daar leersame onderrig gegee was.

Nie alleen het hulle die Bybel gestudeer vir geestelike opheffing nie, maar ook hoe om beter huisvrouens en moeders te wees, en hoe om hulle huise en kinders skoon te hou. Ek het die voorreg om hierdie groep vrouens toe te spreek baie op prys gestel, en ek het diep onder die indruk van die belangrikheid van sulke vergaderings gekom. Broeder Owen, die inspekteur van hierdie streek bevorder die werk onder die verskillende groepe, en Broeder en Suster Palmer beraam planne vir 'n vroue konferensie op die sending stasie, waar die verskillende vroue leidsters van die kerke kan

blymekaarkom vir verdere onderrig sodat hulle dit weer kan gee aan hulle eie mense.

As die moeders en jongmeide van die inboorling rasse hulle behoeftes begin besef en die werk aanpak soos hierdie vrouens in Masjonaland, dan sal ons gewis 'n groot verbetering en 'n sterk werk in hulle middel sien.

\* \* \*

## 'n Besoek aan Nyasaland

ISAAC XIBA NKOMO

U KNEG het hierdie jaar 'n kans gehad om die kampdienste in die Suid-Oos Afrikaanse Unie by te woon. Terwyl ek in hierdie veld was het die beloftes van God, soos in Rom. 9:28 opgeteken, my binnekieskiet. Hier belowe die Here dat Hy Sy werk gou sal klaarmaak en dit in geregtigheid sal verkort; en die verkorting van die werk geskied nie deur krag op deur geweld nie, maar deur die Gees van die Here. Dieselfde hand wat voor Kores die deure oopgemaak het, gaan ook voor die volk van die Here om die werk te verkort. Waar ek die geleentheid gehad het om met my medediensknegte te gesels, en van hulle ondervindings te verneem, kon ek merk hoedat die deur voor hulle oopgegaan het, selfs onder die Katolieke. Ek kon sien dat, as daar geld was om skole te stig op party van die vernaamste plekke, daar meer siele sou ingesamel word as wat die menslike verstand kan besef.

Nog iets wat my in hierdie veld opgeval het, is die feit dat die sendingstasies onder die bestuur van my eie rasgenote was. In hierdie opsig het die Here gewis Sy volk in die Suidelike Afrikaanse Divisie geleei. Hy het Sy sel' op hierdie werk gesit.

Op Sabbat, 4 Augustus, het Leraar Sparrow my na Chinyama sendingstasie, nabij die majesteuse Mlanjeberg, geneem. Hoewel dit slegs 'n gewone Sabbatsdiens was, was daar 1,100 mense teenwoordig,— 'n skoon en belangstellende gehoor. Hier is 'n taamlike groot kerkgebou, maar dis nou heeltemal te klein, en daar word 'n groter een gebou. Daar is vyf onderwysers, een evangelis, en die direkteur, Leraar Roman, op hierdie stasie. Daar is vyf-en-twintig naturelle seuns as kosgangers, 'n paar meisies, en 'n aantal getroude mense in 'n afsonderlike compound. Die stasie is goed uitgelê, en herinner 'n mens aan ons ouer inrigtings toe hulle nog in hul beginstadium was.

Dit word vertel dat die grootste kampdiensts in Nyasaland op hierdie stasie gehou was. Daar het 7,000 mense opgekom. Hier het die grootste doopdiens ook plaasgevind.

Plaasruimte ontbreek om u te vertel van die werk wat my rasgenote op ander sendingstasies doen, byvoorbeeld op Mombera, Chileka, en Tambani wat een van die mooiste stasies in Nyasaland is.

Die aangenaamste van alles is die goeie gees wat daar heers tussen die Europese en naturelle werkers, en tussen die naturelle leraars, die onderwysers, en die gemeenteledle. Dit is myns insiens, die groot geheim

van die sukses van die derde-engelboodskap in Nyasaland. Dit is bemoedigend en dien om die oë van die naturelle werkers te open.

Ongetwyfeld word die sendingstasies in Afrika deur God gebruik om Sy werk in geregtigheid te verkort. Leraar Sparrow het die vertroue van hierdie werkers gewin; hy maak gebruik van sy baie jare ondervinding in sendingwerk.

## S. O. A. Unie

H. M. Sparrow ..... Superintendent  
Mej. G. P. Fortner ..... Sekr.-Tes.  
Bus 51, Blantyre, Niasaland

## Evangeliewerk in die Thekerani Distrik, Nyasaland

G. S. STEVENSON

Die Thekerani distrikskomitee het laas Januarie besluit om spesiale pogings aan te wend om die evangeliewerk in daardie deel te bevorder. Daar was toe planne beraam om ses of sewe spesiale pogings gedurende Junie, Julie, en Augustus te hou. Ongeleukkig val hierdie tydperk in die skoolkwartaal, sodat dit noodwendig in 'n sekere mate inbreek sou maak in ons skoolwerk, maar dit was die moeite werd. Ons het soveel van ons onderwysers en diakens as wat kon, gevra om hulle twee weke vakansie te bestee aan die evangeliewerk naby hul skole en die omliggende statte.

Volgens ons plan was daar drie pogings in Juniemaaand in die Port Herald afdeling aan die gang gesit. Op al drie plekke het ons goeie resultate gehad, en baie siele was gewin. Ons het skerp teëstand ondervind van die sendelinge en onderwysers van ander skole. Op party plekke was daar teënpogings gehou. Maar die boodskap het krag en die Here het tot verheerliking van Sy naam alles tot niet gemaak, en weer opnuut getoon dat „Ons kan niks doen teen die waarheid nie, maar wel vir die waarheid.“ Die teenstand het die naturelle daartoe gebring om te besluit wie reg en wie verkeerd was, en dit het groter belangstelling as gevolg gehad.

As vrugte op hierdie pogings het oor die 142 siele by die Bybelklasse aangesluit. En baie van hulle het blyke gegee van ware bekering. Op een plek het die inboorlinge na hulle strooie gesnel, die afgode gaan haal en dit aan die voete van die evangeliste gewerp en gesê „Neem dit en maak daar mee wat julle wil. Ons gaan nou hierdie boosheide opgee en die lewende God dien.“ Met vreugde het die evangelis hierdie goeters na die sendingstasie gebring.

Gedurende die laaste gedeelte van Julie en die eerste helfte van Augustus, het die evangeliste na die Chikwawa distrik, ten noorde van ons, gegaan. Vier verskillende pogings was gehou. Weer het die Here die werk ryklik geseen, en ten spyte van strawwe beproewings in sommige plekke,

## The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the General Conference of Seventh-day Adventists (Southern African Division) Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON Editor  
MRS. J. L. MILFORD Asst. Editor  
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS  
J. F. Wright President  
A. E. Nelson Treas. and Auditor  
A. F. Tarr Secy. and S. S. Secy.  
A. N. Tonge Medical Secy.  
M. P. Robison Ed. and M. V. Secy  
F. E. Potter H. M. and Field Miss. Secy  
J. I. Robison Religious Liberty Secy

het ons 'n goeie oes van siele gemaak. Altesame was daar 209 bekeerlinge. Baie van hulle het dadelik hulle versiersels verwyder en aan die evangeliste oorhandig. Kaptein Lundu was een van die eerstes wat by die klas aangesluit het.

Behalwe dat ons Bybelklasse by hierdie skole grootliks uitgebrei het, was die ouer lede ook grootliks bemoedig en versterk. Ons het baie nuwe versoek om werkers ontvang en daar is orals openinge, party daarvan is onder baie invloedryke inboorlinge. Dit was ons leraars, evangeliste, onderwysers, en diakens wat in hierdie pogings deelgeneem het. Die Here het Sy seën gegee en baie siele verblif hulle in die waarheid, en verheerlik Sy naam vir die saligheid wat hulle gedurende hierdie pogings ontvang het.

In die later helfte van Oktober het 'n groot aantal van ons diakens en Christene, bygestaan deur 'n paar onderwysers, vir twee weke dienste gehou in die statte naby hulle skole. Die meerderheid van diegene wat uitgegaan het, het nog nooit tevore gespreek nie, dit was hulle eerste ondervinding. Gedurende die twee weke het hulle 'n oes van 174 siele ingesamel wat almal permanent by die Bybelklasse aangesluit het. Dit was egter, maar een van die voordele van die pogings. Diegene wat deelgeneem het in die werk geniet nou 'n baie ryker Christelike ervaring, en die mense by ons skole was baie bemoedig deur die Woord wat aan hulle in hul statte gespreek was. Op al die plekke waar hierdie werk verrig was, het ons 'n merkwaardige toename bespeur in die getalle wat die Sabbatdienste bywoon; in sommige gevalle is die opkoms verdubbel.

Ons sien dus dat ons mense hulle verblif in 'n nuwe ywer vir die waarheid, en dat daar 'n algemene ontwaking is as gevolg van hierdie werk. „Die Here het groot dinge aan ons gedoen: ons was bly!"



### Wanted

Two Seventh-day Adventist boys or married couple (non European) who understand and are able to do transporting with mule wagons. Apply, stating wage required, to F. C. Purchase, Paul Roux.

### READY! BOOK III

## Bible Stories for the Cradle Roll"

By ROSAMOND D. GINTHER

### For Teacher

ALL Sabbath school teachers of little children should have Book III, as it contains the Sabbath school lessons for 1935. The preceding books, Numbers I and II, cover the important Bible stories of the Old Testament. Book III begins the life of Christ. It includes His birth, childhood, youth, and early ministry. Nature stories take the place of the more difficult Bible lessons. Illustrated finger plays are also provided.

### For Parent

Parents, too, are often in need of suitable material for stories,—stories that will mold rightly the tender minds of the little ones. The Cradle Roll series meets this very need. What more important lessons can be taught to the lambs of the flock than those found in the stories of the Book of books? Isolated parents without Sabbath school

### Our Day Tracts

The latest and cheapest tracts printed by our publishing house in the Southern African Division.

### ON TWENTY SUBJECTS

1. The Holy Scriptures.
2. Jesus Christ Our Saviour.
3. Who Made the World?
4. Who Made the Devil?
5. Why Did Jesus Die?
6. The Coming Kingdom.
7. Pardon.
8. When Jesus Comes Again.
9. Is Jesus Coming Soon?
10. The Dark Day.
11. Who Will be Saved?
12. The Investigative Judgment.
13. The Standard in the Judgment.
14. The Memorial of Creation.
15. Why Millions Keep Sunday.
16. The Lord's Day.
17. Where is Hell?
18. The Resurrection.
19. The Millennium.
20. The New Earth.

### Only

6/6 per 1,000 (or 50 sets) post paid.  
2/- per 240 (or 12 sets) post paid.

*Send Cash With Order to  
The Religious Book Depository  
P. O. Box 256  
Bloemfontein, O. F. S.*

privileges need these simple Bible stories for their small boys and girls.

The book is well illustrated, and has four full-page colour pictures. Price, 6/-.

Order from your Book Depository.

GEN. CONF. SABBATH SCHOOL DEPT.



## "Every Minute Counts"

"I enjoy taking Home Study courses," said one of our students the other day, "because there is no loss of time. I am either studying my lesson or writing out the recitation paper. Every minute counts."

It is a fact that in our work no pupil waits while someone else recites. Every one pushes ahead as rapidly as may be consistent with thorough work, and when he has sent in the requisite number of short test papers, he is ready for the final examination, because he has covered the ground thoroughly in the preliminary papers.

There is still time for a wide-awake young person to take a half academic work or a three-hundred-hour course before school opens in the fall. English, Bible, History, Bookkeeping, Mathematics, Salesmanship,—there is a large field to select from, and the work is pleasant, and the credit sure. Write now for our catalogue, and let us help you to get started without delay on this interesting work.

Address: The Home Study Institute, Takoma Park, Washington, D. C.



No great constructive work is ever initiated and carried out by a pessimist. It is likewise of advantage to be by nature a good mixer; not, however, of the artificial kind of "glad hand" artist, who endeavours to win popularity for selfish purposes and at the sacrifice of principle and self-respect. Popularity of that kind is of short duration.—John Hays Hammond.

### Obituary

**MOLETSI.**—Nora Moletsi at the age of nine years very suddenly passed away on Oct. 21, 1934, after an attack of double pneumonia. Brother and Sister Moletsi who are carrying the burden of leadership for our message in the Kroonstad Location greatly mourn their loss. Yet they mourn not as others without hope, but look forward in sure and certain hope of a joyful resurrection to eternal life through Jesus Christ our Lord.

Hundreds of school children with their teachers paid their due respect as the writer, assisted by the Dutch Reformed, Methodist, Presbyterian and Wesleyan ministers, laid her remains to rest in the location cemetery. **J. RAUBENHEIMER.**